DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin

27 Februarie 2022

Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Matteus 16: 13 - 20 |
| **Sang** | Psalm 71: 1, 2<br>Skrifberyming 12-3: 1, 2<br>7-2: 1, 2<br>15-7: 1, 2<br>Psalm 118: 12, 14 |

Sesarea-Fillipi was vir elke Jood ‘n simbool van die Romeinse heerskappy in Palestina, ‘n simbool van verdrukking, onregverdigheid en slawerny. ‘n Simbool wat gemaak het dat die Jode intens laat uitsien het na ‘n Messias (verlosser) – wat in die Ou Testament belowe is – wat hierdie Romeinse juk van hulle sou kom afgooi. Daarom was dit gepas dat Jesus hier, vir die dissipels gevra het wie hulle dink Hy is. Die stad het baie verskillende name gehad. By geleentheid is dit Panreas genoem, ‘n stad tot eer van die Griekse god Pan. Dit beteken dat dit ’n stad was tot eer van ‘n mens uitgedinkte god. In wese was hierdie stad ’n simbool van die verwerping van God.

Dit is hier waar Jesus, by hierdie simbool wat ‘n verlossings verwagting opgewek het, by hierdie simbool van ’n mensgemaakte god en ’n god gemaakte mens, vra: Wie sê julle is ek? Dit is hier, waar daar baie gedagtes en opinies bestaan dat die dissipels moes besluit: Wie is Jesus? Waar pas Hy in? Ons sou kon sê, dat Sesarea-Fillipi tussen twee pole staan: dit wat die mense (dissipels) wou gehad het Jesus vir hulle moes wees, en dit wat Jesus regtig was (dit wat God wou gehad het Hy moes wees).

Aan die een kant was daar Petrus, en aan die ander kant was Jesus. Petrus, die man van die volk wat wou hê dat Jesus hierdie stad moet platvee, en Jesus met die goddelike opdrag om die stad te red. Aan die een kant Petrus met sy wrewel teen die stad, en aan die ander kant Jesus, hartseer en bewoë omdat die stad en sy inwoners so sondig was en God nie geken het nie. Dus, twee standpunte, twee stelle ideale, twee stelle gedagterigtings.

Jesus se tweede vraag aan die dissipels: "Maar julle, wie sê julle is Ek?" So amper asof Jesus hulle 'n antwoord in die mond wil lê: Maar julle, julle ken my mos. Julle is tog anders! En dan kom Petrus se geweldige belydenis: U is die Messias, die Seun van God! Ons sê: U is God. Hierdie belydenis kom van God af. Sonder ingrype van God kom geen mens tot insig nie. Ons het nodig om deur God se Heilige Gees voorgelig te word. Hierdie belydenis is nie in die hart van Petrus gebore nie, en juis daarom kan hy uit sy eie nie Petrus (rots) genoem word nie. Want daarvoor is genade nodig. Genade wat God aan ons elkeen gee.

Waarop en wie bou jy jou lewe? Is dit op die Here Jesus van God of op 'n idee van mense wie Jesus is? Die ongelowige maak van God wat hy wil, die gelowige maak soos God wil. Die gelowige doen soos God wil. Ons luister eers na God, hoe Hy gedien wil word. Met ander woorde, die gelowige lees eers die Woord, luister eers na die Woord, en maak dan soos God wil. Om so met sy lewe, sy woorde/dade te sê: "U is die Messias, die Seun van die lewende God". Hy hou die sleutels van die koninkryk vas. Hy roep ons om die suiwer Woord te verkondig en ook om die gemeente suiwer te hou. Wat gaan ons met hierdie sleutel maak?

## OOG VIR MEKAAR



*	Ons dank die Here dat dit met Adriaan vd Walt goed gaan. Die wond waar die pasaangeër in sy bors geplaas is, se genesing vorder na wense.

*	Ons is dankbaar saam met Japie en Hantie Hoogenboezem dat Su-mari goed aansterk na haar operasie.

*	Baie geluk aan Willem en San-Mari van Wyk met Marilena se geboorte. Mag sy vir julle gesin 'n seën wees. Baie geluk aan Kobus en Susan Coetsee met julle kleindogter se geboorte.

*	Ons bid vir tannie Ans vd Walt en haar kinders met haar versorging in Limcare.

*	Ons wens vir Corrie Coetzee 'n spoedige herstel toe, nadat sy geval en haar arm gebreek het. Ons bede is dat die pyn gou minder sal wees.

*	Ina Hamman gaan vir 'n knievervanging hierdie week. Ons bid haar die seën van die Here toe met die operasie.

*	Ons innige simpatie met Daleen Coetsee wie se tannie Donderdag oorlede is.

*	Ons vra voorbidding vir die ouderlinge wat na die diens vergader en vir Maandagaand se Breëvergadering.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 27 FEB

**Diensbeurt:** Wyk P4

**Ouderling:** **MJ Venter**

**Katkisasie:** Graad 4

**Diaken:** **Theuns Du Preez**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

# TEESKINKBEURTE



**27 Februarie 2022** **Almal wat beskikbaar is.**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 27 Feb 2022 | Na erediens | ***Kerk*** | Ouderlingevergadering |
| 28 Feb 2022 | 18:00 | ***Kerk*** | Breëkerkraadsvergadering |
| 1 Mrt 2022 | 09:00 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 2 Mrt 2022 | 18:30 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 2 Mrt 2022 | 19:00 | ***Alta Theron*** | Bybelstudie |
| 3 Mrt 2022 | 09:30 | ***Alta Theron*** | Bybelstudie |
| 3 Mrt 2022 | 19:00 | ***ZOOM*** | Bybelstudie |



# KALENDER



## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Ouderdom | Belydend / Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|---|
| So 27 Feb | Peter O'Reilly<br>Ruvan Weidemann | 13<br>2 | D<br>D | 082 421 6982<br>082 610 0623 |
| Ma 28 Feb | Herman Van Ree | 49 | B | 082 672 2511 |
| Di 1 Mrt | ***Elma Venter ***** <br>Anrike Nagel | ***80***<br>10 | B<br>D | 082 803 4740<br>073 949 8999 |
| Do 3 Mrt | Colette Du Plessis | 34 | B | 082 751 0796 |
| Vr 4 Mrt | Nicolette Howard<br>Nantes Kotze | 65<br>57 | B<br>B | 015 297 0500<br>081 424 9651 |

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Wees ons genadig, Here,**
**ons vestig ons hoop op U.**
**Wees elke nuwe dag ons krag,**
**ons redding in tyd van nood.**

**Jesaja 33: 2**

# NAGMAAL ETE

Lidmate wat die **Nagmaal ete op 13 Maart 2022** wil bywoon moet asb hulle name op die lys plaas wat agter in die portaal op gesit is.




Neem asb kennis dat daar **twee eredienste** sal wees en dat die ete dus na die tweede diens sal wees.

Die susters word versoek om soos wat die gewoonte is met 'n Nagmaal ete asb dan **'n slaai saam te bring**. Onthou ook om eie eetgerei ens te bring.

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Twee van die gemeente se seuns is gekies om vir hulle skool (Oos Skool) se onder 9 & 10 rugby spanne te speel.

Die skool gaan vanaf 16 tot 18 Maart 2022 op 'n rugby toer en die koste beloop R 1 500 per speller wat dan ook sakgeld insluit.




Ons vra die gemeente om asb te help met skenkings om die twee seuns instaat te stel om ook die rugby toer saam met hulle spanmaats mee te maak.


## NAGMAAL

Lidmate moet ASB kennis neem van die volgende:

* **Nagmaal sal op 13 Maart 2022 om 09:00 en dan weer om 11:00 plaas vind.**
* Lidmate **MOET** bespreek vir **EEN** van die **TWEE** dienste.
* Lidmate wat Nagmaal aan tafel **(vir families) moet so bespreek**, daar is 5 sulke tafels per diens beskikbaar.
* Die ander lidmate sal die rakkies wat agter in die portaal is, gebruik en Nagmaal in die banke gebruik.
* Die Nagmaal ete sal na die 2de diens om 12:15 bedien word.




GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2022
R 200 000.00
R 180 000.00
R 160 000.00
R 140 000.00
R 120 000.00
R 100 000.00
R 80 000.00
R 60 000.00
R 40 000.00
R 20 000.00
R -
R 129 686.00
R 182 396.24
JAN
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2022
INKOMSTE
UITGAWES
R 30 000.00
R 25 000.00
R 20 000.00
R 15 000.00
R 10 000.00
R 5 000.00
R -
JAN

| | | |
|---|---|---|
| **Preke, dagstukkies en Die Basuin :**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>**admin@gereformeerd.co.za**<br><br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| | **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| | **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| | **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.*

*Matteus 16: 18*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS